

Menseregte, die omgewing en omgewingskonstitusionalisme*

Louis Kotzé

Louis Kotzé, Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom)

Opsomming

As een van die primêre versinnebeeldings van konstitusionalisme is menseregte kragtige en blywende grondwetlike komponente van 'n regsisteem. Tans is daar 'n beduidend hernude belangstelling in die rol van menseregte in die omgewingsparadigma, veral in die mate waartoe menseregte beskou word as verhewe metawaardes wat 'n buitengewone bemiddelingsrol in die mens-omgewing-koppelvlak kan vervul. Deurdat omgewingsbewaring toenemend verskans word in grondwette, vernaamlik by wyse van omgewingsmenseregte, word die moontlikheid geskep om omgewingsbelange in 'n juridiese sin te verhef en om geleidelik aan die omgewing groter status te verleen binne die grondwetlik-beskermende domein van regstelsels oor die wêreld heen.

Hierdie konstitusionaliseringsproses geskied binne die konseptuele kader van omgewingskonstitusionalisme, wat tot op hede nog 'n splinternuwe en ontwikkelende begrip is. Omgewingskonstitusionalisme tree in verskillende vorme na vore. Dit sluit in formele konstitusionele eienskappe wat voorsiening maak vir die argitektuur en inwerkingstelling van omgewingsbestuur, asook substantiewe konstitusionele eienskappe wat konstitusioneel verskanste bepalings soos grondliggende waardes, "hoërorde"-beginsels, en belangriker vir hierdie artikel se fokus, omgewingsmenseregte insluit.

Die geleidelike ontwikkeling van omgewingskonstitusionalisme in vakkundige debat gee blyke van 'n doelbewuste, hoewel (nog) huiwerige poging om die menseregte-omgewing-debat opnuut deur 'n konstitusionele lens te bekyk. Hoewel hierdie hernude belangstelling skynbaar gesetel is in 'n meer omgewingsgerigte en pasgemaakte konstitusionele benadering, moet 'n mens jou afvra of *omgewingskonstitusionalisme* bloot 'n nuwe etiket vir 'n ou verskynsel is en of dit inderdaad iets nuuts daarstel. Ook belangrik vir doeleindes hiervan is die vraag of hierdie nuwe term van waarde vir die menseregte-omgewing-debat is.

In 'n poging om tot die jong maar ontwikkelende diskoers oor omgewingskonstitusionalisme by te dra, wil hierdie artikel 'n normatief-konseptuele ondersoek begin wat daarop fokus om sommige van hierdie vrae te beantwoord, wel wetende dat so 'n ondersoek (énige ondersoek, trouens) te beperk is om die vrae afdoende te beantwoord. Die artikel het spesifiek ten doel om die verskynsel van omgewingsmenseregte binne die kader van

omgewingskonstitusionalisme te oorweeg; om 'n meer samehangende en gesistematiseerde beskrywing van omgewingskonstitusionalisme en hierdie paradigma se formele en substantiewe aspekte aan te bied; en, ten slotte, om krities te besin oor die potensiaal van omgewingsmenseregte as belangrike elemente van substantiewe omgewingskonstitusionalisme en hul rol in die bemiddeling van die mens-omgewing-koppelvlak in die Antroposeen. Omdat die debat oor omgewingskonstitusionalisme tans byna uitsluitlik in die Engelse literatuur gevoer word, is dit ook die doel van hierdie artikel om die debat in breë terme bekend te stel aan 'n Afrikaanse gehoor, wat op sy beurt sou kon bydra tot die groeiende Afrikaanse omgewingsregdiskoers.

Trefwoorde: Antroposeen; formele omgewingskonstitusionalisme; Grondwet; konstitusionalisme; menseregte; omgewingsmenseregte; substantiewe omgewingskonstitusionalisme; volhoubaarheid

Abstract

Human rights, the environment and environmental constitutionalism

As one of the primary expressions of substantive constitutionalism, human rights are considered ethical demands that operate at an elevated juridical level. The appeal of human rights to social movement energies and energetic global solidarities evinces their increasing popularity as legal constructs that supplement the traditional instrumentalist functions of law. Despite their many limitations and the legitimate criticism often levelled against rights generally, they remain enduringly valuable juridical constructs in a normative and an analytical sense. Currently there seems to be renewed and burgeoning scholarly interest in the role of human rights in the broader environmental paradigm. As legal mechanisms possessing unique characteristics, human rights are elevated within the juridical order as meta-values and able to perform a singular mediating role in the human-environment interface. The worldwide acceptance of people's rights to a healthy environment, environmentally related procedural rights and other substantive political and socio-economic human rights bearing on environmental interests (collectively understood as environmental human rights), is testimony to their increasing popularity.

The move towards constitutional environmental care, and more specifically, the emergence of environmental human rights, occur conceptually within the newly emerging paradigm of "environmental constitutionalism". Environmental constitutionalism, unlike human rights in the environmental context, is an entirely new concept for which, to date, there does not exist a universally endorsed definition, and of which there has been no cogent theoretical-normative treatment. As has been stated, and as this article argues, environmental constitutionalism manifests in formal and substantive guise. Its formal aspects provide for the architecture and implementation of environmental governance, whereas its substantive aspects include constitutionally entrenched higher-order values and principles, and importantly for present purposes, environmental human rights. The latter proliferation occurs predominantly at a domestic constitutional level, suggesting that constitutions are almost always the legal avenue of choice to entrench environmental human rights.

The gradual rise of environmental constitutionalism in scholarly debates suggests a deliberate, albeit (still) hesitant attempt to view anew the human rights-environment debate through a constitutional lens. As a juridically elevated expression of constitutions through human rights, environmental protection therefore has the “constitutional possibility” of gradually assuming greater status within the protective realm of legal systems worldwide. Human rights and constitutions (and the latter’s derivatives “constitutionalism” and “constitutionalisation”) are evidently related to the extent that constitutions in the main provide for human rights. Theoretically, and as a matter of disciplinary focus, constitutionalism and human rights are often considered together. Yet, despite these significant convergences, human rights and constitutions are also somewhat distinct, while remaining inherently interrelated. Their distinction lies mostly in the taxonomical-analytical reality that human rights are the domain of human rights law, and constitutions those of constitutional law (notwithstanding the fact that the two fields can, and frequently do, overlap). Most notably, in addition to their important domestic functions, human rights also operate globally, while constitutions remain within the domestic purview of the nation-state (notwithstanding recent advances of global constitutionalism which – with the exception of the European Union – still only vaguely suggests the possible evolution of a global constitution or global constitutional features). Despite these distinctions, however, scholars almost always use “human rights” and “constitutions” in the same breath – a trend that is also clearly observable in the environmental context.

While the reignited interest in environmental human rights seems to depart from a more environment-focused and tailor-made constitutional approach (that is, environmental constitutionalism), one has to ask: Is *environmental constitutionalism* merely a new label for an old phenomenon (namely *constitutionalism*), or does it actually bring something new to the table? More importantly, for present purposes: Is this new scholarly term of art useful to the human rights-environment debate? In an effort to contribute to the young but evolving discourse on environmental constitutionalism, this article seeks to start a normative-conceptual inquiry focused on answering these questions, even though one must acknowledge the limitations of such an investigation (or any inquiry for that matter) to answer the questions definitively. In doing so, this article specifically aims to critically interrogate environmental human rights in the context of environmental constitutionalism; to provide a more coherent and systemised description of the formal and substantive aspects of environmental constitutionalism; and to critically reflect on the potential of environmental human rights as important elements of substantive environmental constitutionalism to mediate the human-environment interface. Because the debate on environmental constitutionalism occurs mostly in English, it is also the purpose of this article to introduce this debate in broad terms to an Afrikaans audience, which in turn could contribute to the growing Afrikaans environmental law discourse.

The article concludes that environmental constitutionalism may be a nebulous and unwieldy concept, but probably one that people may be more inclined to understand intuitively and to accept despite a lack of ability to describe concisely its exact normative content and contours. As is also the case with environmental human rights, one must accept that environmental constitutionalism, as a concept, as a socio-legal and political project, and as a transformative means of creating “new beginnings” for greater environmental care, will not necessarily have immediate and/or definite results, and nor will it ever be complete. It is as

unlikely that constitutionalism will provide immediate solutions to the myriad of questions and problems that beset environmental regulation as it is for human rights to fully solve the deepening ecological crisis. There is good reason to suggest that both these paradigms should not strive to, and will never be able to, provide final answers. Nevertheless, this on-going reform project is a crucial part of a myriad of human efforts to augment environmental care through broader constitutional and more specific environmental law and governance responses that include the rights-based approach. Environmental constitutionalism provides fertile ground for future exploration and it has the potential to grow into an autonomous and influential field of inquiry that provides human rights and environmental law scholars and regulators alike with a more familiar and comprehensive regulatory perspective, a more consistent justificatory basis, and conceptually supportive analytical and normative interventionist regulatory options in these times of unprecedented ecological upheaval.

Keywords: Anthropocene; Constitution; constitutionalism; environmental human rights; formal environmental constitutionalism; human rights; substantive environmental constitutionalism; sustainability

1. Inleiding: Menseregte, omgewingstandaarde en die ontwikkeling van omgewingskonstitusionalisme

Menseregte word beskou as etiese eise wat op 'n verhewe juridiese vlak funksioneer.¹ Die aantrekkingskrag van menseregte vir maatskaplike bewegings en energieke globale groeperinge openbaar die groeiende gewildheid daarvan as regsstrukture wat die tradisionele instrumentalistiese funksies van die reg aanvul.² Meer algemeen gestel, blyk die aantrekkingskrag van menseregte uit die beduidende beweging in konstitusionele demokrasieë na 'n "regtebewustheid".³ Ondanks die talle beperkings daarvan en die geldige kritiek wat dikwels teen menseregte in die algemeen uitgespreek word dat dit slegs "'n taal van menslike goedheid" is, bly regte waardevolle juridiese konstruksies in sowel normatiewe as analitiese sin:

Rights talk does have notorious limitations as a language of the human good. Who does not suppose, for example, that love is an essential human good, but who believes we all have a "right to love"? These problems with rights as a language of the good are well known, but no better language is likely to be found. The difficulty with abandoning rights talk or seeking to convert rights propositions into duty language is that it discards rights' potential for juridical embodiment and enforceability. What rights talk does so well is to correlate specific rights holders and their claims with determinate duty holders. Rights talk will remain an essential component of any global ethic, precisely because the protections it affords can be demanded by actual individuals.⁴

Dit wil voorkom of daar tans hernude en toenemende belangstelling in die rol van menseregte in die groter omgewingsparadigma is.⁵ Hoewel daar dikwels aansienlike kritiek teen menseregte uitgespreek word (en tereg ook, soos ons hier onder sal sien), word hulle ook as regsorganismes wat unieke eienskappe het binne die regsorde as metawaardes

verhef en kan hulle 'n buitengewone bemiddelingsrol in die mens-omgewing-koppelvlak vervul. Die wêreldwye aanvaarding van mense se reg op 'n gesonde omgewing, omgewingsverwante prosedurele regte en ander substantiewe politieke en sosio-ekonomiese menseregte met betrekking tot omgewingsbelange getuig van die toenemende gewildheid daarvan⁶ (hierna gebruik ek konsekwent *omgewingsmenseregte* as 'n term wat al die voorgaande omvat).⁷ Laasgenoemde toename vind op plaaslike konstitusionele vlak plaas, wat daarop dui dat grondwette feitlik altyd die voorkeur-regsroete is waardeur omgewingsmenseregte verskans word.

Die belang van hierdie neiging lê daarin dat daar om veelseggende redes tipies konstitusionele status aan plaaslike handveste van regte verleen word – wat dikwels aan die begin van 'n konstitusionele teks geplaas word – om 'n kollektiewe toewyding aan fundamentele regte as die belangrikste regsnorme in die betrokke stelsel te weerspieël.⁸ As 'n juridies verhewe uitdrukking van grondwette déúr menseregte hou omgewingsbewaring dus die “konstitusionele moontlikheid” in om geleidelik groter status te verwerf binne die grondwetlik-beskermdomein van regstelsels oor die wêreld heen. Trouens, in sy seminale werk oor omgewingsregte raam David Boyd dat ongeveer 147 lande tot dusver sulke regte in hulle nasionale grondwette verskans het en kom hy tot die gevolgtrekking dat menseregte, ondanks hul tekortkominge, ten slotte tog die algehele omgewingsbestuur waarneembaar verbeter.⁹

Menseregte en grondwette (en konstitusionalisme en konstitusionalisering as afleidings van laasgenoemde)¹⁰ is duidelik verwant in die mate dat hoofsaaklik grondwette vir menseregte voorsiening maak (hoewel nie altyd nie, soos blyk uit die statutêre menseregte wat in sommige jurisdiksies bestaan).¹¹ Teoreties, en as 'n aangeleentheid van dissiplinêre fokus, word konstitusionalisme en menseregte dikwels saam beskou; en wat die onderliggende rasionaal daarvan betref, is daar ongetwyfeld inherent iets konstitusioneels aan die reg aangaande menseregte, in die sin dat dit beperkings lê op wat owerhede aan mense in hulle jurisdiksies kan doen.¹² En tog is menseregte en grondwette, ondanks hierdie raakpunte, ook enigermate onderskeibaar, al bly hulle onderling verwant. Die verskil tussen hulle lê in die taksonomies-analitiese werklikheid dat menseregte die domein van die reg aangaande menseregte is, en grondwette dié van die staatsreg (nieteenstaande die feit dat die twee terreine kan oorvleuel, wat inderdaad dikwels gebeur). Veral opmerklik is ook dat menseregte, benewens die belangrike plaaslike funksies daarvan, ook op wêreldvlak funksioneer,¹³ terwyl grondwette binne die reikwydte van die nasiestaat bly (ondanks onlangse vordering met “globale konstitusionalisme”, wat, met uitsondering van die Europese Unie, nog net vaagweg die moontlike ontwikkeling van 'n wêreldgrondwet of globale konstitusionele eienskappe suggereer).¹⁴ Nieteenstaande hierdie verskille span vakkundiges feitlik altyd menseregte en grondwette saam in – 'n neiging wat ook in die omgewingskonteks duidelik merkbaar is.

Die merkwaardig vinnige groei van omgewingsmenseregte as 'n analitiese perspektief en as 'n wyse van normatiewe ondersoek en regulatoriese ingryping duur nou reeds geruime tyd voort (ten minste sedert die aanvaarding deur die Stockholm-konferensie oor die menslike omgewing van sy Beginsel 1 in 1972).¹⁵ Hierdie ontwikkelinge is tradisioneel deur 'n parogiale konstitusionele lens beskou, maar in die jongste tyd was daar vakkundige pogings om omgewingsmenseregte “omgewingskonstitusionalisties” in te klee. *Omgewings-*

konstitusionalisme (soms ook groen konstitusionalisme genoem, hoewel dié term nie algemeen voorkom nie),¹⁶ is, in teenstelling met menseregte in die omgewingskonteks, 'n heel nuwe vakkundige term waarvoor daar, sover ek uit 'n opname van Engelse tekste kon vasstel, nóg 'n universeel aanvaarde definisie, nóg 'n oortuigende teoretiese of normatiewe bewerking bestaan. In hul benadering van hierdie vorm van “gespesialiseerde konstitusionalisme”¹⁷ uit verskillende hoeke (regulatories, vergelykend, empiries-evaluerend en teoreties) het party skrywers egter uiteindelik begin om kursoriese aandag aan die vraagstuk te skenk.¹⁸ Douglas Kysar beskryf byvoorbeeld omgewings-konstitusionalisme as die konstitusionalisering van omgewingsbeskerming en elders as die konstitusionalisering van omgewingsreg, wat volgens hom maar grotendeels 'n simboliese oefening in die groter regulatoriese bestel bly, omdat konstitusionele bepalinge gewoonlik nie streng afgedwing word nie en vaag omskryf word.¹⁹ David Boyd beskou skynbaar insgelyks omgewingskonstitusionalisme as 'n transformerende proses wat konstitusionele omgewingsbeskerming bied, maar sy empiriese ontleding lei hom tot die meer optimistiese gevolgtrekking dat hoewel geen nasie nog die heilige graal van ekologiese volhoubaarheid gevind het nie, konstitusionele beskerming 'n kragtige en potensieel transformerende stap nader aan dié ontwykende doelwit is.²⁰

James May en Erin Daly volg 'n globale vergelykende benadering en verduidelik soos volg:

Environmental constitutionalism is a relatively recent phenomenon at the confluence of constitutional law, international law, human rights, and environmental law. It embodies the recognition that the environment is a proper subject for protection in constitutional texts and for vindication by constitutional courts worldwide.²¹

Die skrywers gee toe dat hoewel dit moeilik is om die konseptuele en teoretiese inhoud, en die talle verskillende vorme en komponente, van omgewingskonstitusionalisme presies vas te stel, die konstante is dat omgewingskonstitusionalisme byna oral voorkom en al hoe belangriker word.²² Volgens 'n teoretiese beskouing in 'n vroeëre werk het ek aan die hand gedoen dat wanneer omgewingsorg in konstitusionalistiese taal ingeklee is, dit omgewingskonstitusionalisme genoem word, en dit is vir omgewingsbeskerming belangrik en nodig want dit verskaf die verhewe breër middele om omgewingsverwante regte en belange te verdedig, om inbreuk op hierdie regte en belange van owerheids- en private weë te beperk, en om die staat en selfs niestaatsrolspelers te dwing om voorsorgend, aktief en reaktief met betrekking tot die omgewing op te tree (wat gesamentlik genoem word die plig om regteverpligtinge te respekteer, te beskerm, te bevorder en na te kom).²³

Die geleidelike ontwikkeling van omgewingskonstitusionalisme in vakkundige debat gee blyke van 'n doelbewuste, hoewel (nog) huiwerige, poging om die menseregte-omgewing-debat opnuut deur 'n konstitusionele lens te bekyk. Hoewel hierdie hernude belangstelling skynbaar gesetel is in 'n meer omgewingsgerigte en pasgemaakte konstitusionele benadering (dit wil sê omgewingskonstitusionalisme), moet 'n mens jou afvra of *omgewingskonstitusionalisme* bloot 'n nuwe etiket vir 'n ou verskynsel (naamlik *konstitusionalisme*) is en of dit inderdaad iets nuuts daarstel. Nog belangriker vir doeleindes hiervan is die vraag of hierdie nuwe vakkundige term van waarde vir die menseregte-omgewing-debat is. In 'n poging om tot die jong maar ontwikkelende diskoers oor omgewingskonstitusionalisme by te dra, wil hierdie artikel 'n normatief-konseptuele ondersoek begin wat daarop fokus om

hierdie vrae te beantwoord, wel wetende dat so 'n artikel (énige ondersoek, trouens) te beperk is om alle vrae oor omgewings-konstitusionalisme afdoende te beantwoord. Hierdie artikel se normatiewe benadering wil ook bydra tot die regulatoriese, vergelykende, empiries-evaluerende en teoretiese benaderings wat bogenoemde skrywers gevolg het. Omdat die debat oor omgewingskonstitusionalisme tans byna uitsluitlik in die Engelse literatuur gevoer word, is dit ten slotte die doel van hierdie artikel om die debat in breë terme aan 'n Afrikaanse gehoor bekend te stel, en meer spesifiek, aan die groeiende Afrikaanse omgewings-regdiskoers.²⁴ Ek vertrou hierdie artikel sal 'n paar tentatiewe stappe wees in die rigting van die aanvanklike formulering van so 'n normatiewe raamwerk in Afrikaans.

2. Formele en substantiewe grondwette

In 'n poging om 'n duideliker begrip van omgewingskonstitusionalisme te verkry en om later 'n toereikende beskrywing daarvan te kan gee, behels die volgende afdeling 'n ondersoek na wat *grondwet* en *konstitusionalisme* generies beteken. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat, as 'n voorbehoud by wat volg, konstitusionele taal en die betekenis wat aan konstitusionele begrippe geheg word, wissel in reaksie op verskillende kontekste en plaaslike geskiedenis, heersende sosio-ekonomiese en politieke omstandighede, dominante ideologieë en die samestelling van die samelewing. Per slot van rekening is elke grondwet die resultaat van jare, en soms generasies, se gewoonte, tradisie en maatskaplike strukture wat allesbehalwe homogeen is.²⁵ Francois Venter doen aan die hand dat dogmatiese nougesetheid oor 21ste-eeuse konstitusionalisme nie voor die hand liggend is nie en dat dit onmoontlik is om die betekenis daarvan tot tevredenheid van almal vas te pen.²⁶

Desnieteenstaande, hoewel daar ander beskrywings kan wees, beteken die term *grondwet* op sy eenvoudigste gewoonlik twee dinge. Eerstens slaan dit op 'n "hoër" reg in 'n land (meestal, maar nie altyd nie, op skrif gestel²⁷) wat ten doel het om die staat, sy regeerprosesse (met inbegrip van wetgewing, konflikoplossing en wetstoepassing) en sy regeringsinstrumente te stuur en in toom te hou. Binne hierdie breë definiërende begrip maak 'n grondwet meer spesifiek voorsiening vir sekere basiese konstitutiewe reëls wat bepaal hoe ander reëls geskep, uitgelê, gewysig en toegepas moet word.²⁸ Dit wil ook die vertikale wisselwerking tussen staat en individu, en die horisontale wisselwerking tussen die individue onderling reël. Deur die orde en organisasie van die staat en die politieke lewe te reël en uiteen te sit, vestig, wettig, omskryf en organiseer 'n grondwet dus die belangrikste regeringsorgane, hoe hulle saamgestel word en wat hul bevoegdhede is.²⁹

Hierdie eerste algemene verstaan van *grondwet* is al beskryf as die afbakening van die konsep van *grondwet* in die *formele/argitektoniese* sin van die woord en wel in die mate dat die grondwet die staat konstitueer en reël³⁰ (ander kommentators verkies om dit 'n *beskrywende* konsep van grondwette te noem).³¹

Die tweede betekenis wat aan *grondwet* geheg word, geld nie so wyd nie, aangesien dit op ekspressiewe en simboliese eerder as op argitektoniese of formele kenmerke berus. Hierdie tweede betekenis van *grondwet* word beskou as die afbakening van grondwette in 'n

substantiewe sin, en wel in die mate dat grondwette gekonsipieer word as selfversekerde verklaring van die kollektiewe wil;³² as waardegelade, met talle eienskappe wat 'n regsorde kan legitimeer,³³ waardig maak en verbeter;³⁴ en as uitdrukkings van die diepste, mees gekoesterde waardes van 'n samelewing.³⁵ Grondwette in die substantiewe sin is nader aan konstitusionalisme (gesien as 'n voortgaande projek in verband met die aankweek van groter legitimiteit in regs- en politieke ordes en die daarstelling van sekere wigte en teenwigte)³⁶ as aan grondwette in die formele sin, omdat hulle verband hou daarmee dat 'n grondwet substantief (en nie bloot formeel nie) konstitusioneel is, dit wil sê substantiewe grondwette verskaf sekere beskermende waarborge van 'n hoë orde.³⁷ Afgesien daarvan dat hulle kenmerke van grondwette in die formele sin vertoon, wil substantiewe grondwette dus 'n "goeie" en beskermende regsorde waarborg deur bepaalde substantiewe inhoud te verskans in 'n oppernorm wat alle ander vorme van reg te bowe gaan: bepalinge rakende die oppergesag van die reg; die beperking van en beheer oor staatsmag en maatreëls wat verantwoordbaarheid verseker; geleenthede vir deelnemende regering en die verteenwoordiging van die burgerlike samelewing; en legaliteit in die sin van die regstaatbegrip (of wat die Duitsers *Rechtsgebundenheit* noem, wat daarop dui dat die reg die grondslag lê vir en beperkings stel op alle staatshandeling).³⁸ Derhalwe stel substantiewe grondwette die hoogste moontlike vlak en middele in die reg daar waaruit die gedeelde waardes en leidende beginsels van 'n maatskaplike orde blyk waartoe die meerderheid van die mense geag word in te stem,³⁹ met inbegrip van die begrippe van billikheid, geregtigheid en legitimiteit en die verskaffing van regstabiliteit en -voorspelbaarheid.

Een van die opmerklikste kenmerke van substantiewe grondwette is egter hul verskansing van fundamentele regte, wat volgens Neuman dikwels selfs beskou word as weerspieëlings van nieregsbeginsels wat normatiewe krag het en onafhanklik is van die beliggaming daarvan in die reg of selfs bo die positiewe regstelsel verhewe is.⁴⁰ Neuman meen dat laasgenoemde beginsels uit die natuurreg, religieuse tradisies, universele moraliteit of etiese waardes voortspruit – stellig 'n opvatting wat die moontlikheid oopmaak dat aangeleenthede soos omgewingsorg by die beskermende domein van grondwette ingesluit kan word deur die verskansing daarvan in menseregte.

Kollektief bevat substantiewe grondwette dus:

- fundamentele substantiewe reëls, soos dié oor menseregte
- 'n hiërgargiese struktuur waarvolgens sommige reëls ander oorheers
- reëls wat gebiedend van toepassing is en van 'n niekonsensuele aard is
- reëls wat prosedurele waardes weerspieël met betrekking tot deelname, deursigtigheid en die skeiding van magte
- reëls wat verskans is en dus moeilik gewysig kan word.⁴¹

Substantiewe grondwette vertoon talle van die deugde van konstitusionalisme, wat, as 'n terrein waarop die reg en die politiek gekombineer word, gekenmerk word deur enersyds die mag van die politiek en andersyds die eise van geregtigheid, en wat al die ruimtes vul waarin die reg bestaan.⁴² Grondwette in die substantiewe sin is verder "spesiaal" vanweë die proses waardeur hulle tot stand gekom het; dit wil sê hulle word tot stand gebring deur 'n spesiale, episodiese en selfbewuste konstituerende mag, hoe reëel, nominaal of moeilik ook al om in

die praktyk te identifiseer – vergeleke met die gewone, deurlopende wetgewende prosesse.⁴³

Oor die algemeen bestaan formele en substantiewe grondwette naas mekaar en hul onderskeie kenmerke word soms moeilik van mekaar onderskei. In die oë van die wêreld, wat toenemend menseregtebeskerming, die handhawing van die oppergesag van die reg en die een of ander vorm van konstitusionele demokrasie vra, is dit stellig nie genoeg dat 'n land net 'n formele grondwet het nie – 'n punt waarvan 'n pynlike voorbeeld Westerse inmenging (dikwels met die gebruik van geweld as dwangmiddel) in die politieke en regsorde van “skurkstate” is, veral in Afrika (soos Libië) en die Midde-Ooste (byvoorbeeld Afghanistan). Omdat grondwette in die formele sin nie almal noodwendig 'n beter, regverdiger en geregtige regsorde tot stand bring nie,⁴⁴ soos blyk uit die reeks vroeëre grondwette wat apartheid-Suid-Afrika lewend gehou het,⁴⁵ is dit ook nodig dat grondwette substantief grondwetlik moet wees. Idealiter moet grondwette dus nie net die argitektuur van die staat en staatsbestuur tot stand bring nie, maar ook konstitusioneel wees in die meer substantiewe sin dat hulle ten doel het om 'n politieke en regsorde “te verbeter” en “goed te maak”.

Voorbeelde van substantiewe grondwette is dié van lande ná 'n groot oorlog (byvoorbeeld Duitsland) of van lande wat van onderdrukkende regimes na konstitusionele demokrasieë oorgegaan het (byvoorbeeld Suid-Afrika), waar 'n grondwet voortkom as 'n simboliese merker van 'n groot oorgang in die politieke lewe van die betrokke nasie.⁴⁶ In die geval van Duitsland het die grondwet (die *Grundgesetz* of Grondwet van die Bondsrepubliek Duitsland, 1949) 'n simbool geword van 'n hele nasie se breuk met en afkeer van sy nasionaal-sosialistiese verlede.⁴⁷ In Suid-Afrika is die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 'n simbool van die land se ideologiese en *de iure*-breuk met die onderdrukkende apartheidsverlede en sy nuutgevonde verbintenis tot transformasie binne die beperkinge van konstitusionalisme.⁴⁸

Kortom, dus, is grondwette in die substantiewe sin meestal, maar nie altyd nie, 'n gevolg van 'n “konstitusionele oomblik” en lui hulle 'n “nuwe begin” in waarin 'n idilliese “ná” in sterk teenstelling staan met 'n aaklige “voor”.⁴⁹ Substantiewe grondwette dien ook om 'n “goeie” regsorde te skep soos hier bo beskryf, selfs erken sommige dat konstitusionalisme nie noodwendig altyd net “goed” is nie. Dit is nie die doel van hierdie artikel om die verdienste en tekortkominge van konstitusionalisme omvattend op te weeg nie, maar 'n mens moet daarop let (bykomend by wat hierna volg) dat konstitusionalisme al gekritiseer is omdat dit te Westers georiënteerd is; te afhanklik is van die betwiste idee van demokrasie; te veel mag aan die houe kan verleen ten einde die funksies van geregtelike hersiening te versterk;⁵⁰ soms versuim om die rol van niestaatsrolspelers te erken as belangrike bydraers tot 'n gemeenskaplike (konstitusionele) staatsbestuursdoel; en dikwels oneerlik is deur die politieke en regeringswerklikheid in 'n land beter te probeer voorstel as wat dit is.⁵¹

Nietemin, gesien die premie wat wêreldwyd op grondwette geplaas word en die positiewe vooruitgang wat op talle plekke gemaak is wat die totstandbrenging van konstitusionele demokrasieë betref, wil dit voorkom of konstitusionalisme reeds in die algemeen 'n positiewe evolusie in regeerpraktyke meegebring het en dit steeds doen. Vanweë die belofte van “goedheid” wat dit skynbaar inhou, en die legitimerende uitwerking daarvan, werk die

aantrekkingskrag van konstitusionalisme blykbaar ook in op ander terreine van regs- en regsmaatskaplik-politieke projekte. Die geleidelike beweging na konstitusionalisme blyk byvoorbeeld ook nie net in die omgewingskonteks nie, maar ook in die domein van die regionale en internasionale publiekreg, waar die konstitusionalisering van die internasionale reg en regionale reg (veral in die Europese Unie)⁵² 'n bloeiende vakkundige onderneming geword het.⁵³ Die argument dat daar 'n geleidelike (maar onvolledige) verskuiwing in die fokus van die wêreldorde vanaf staatsoewereiniteit na 'n waardegedrewe en individualistiese benadering is, beklemtoon verder dat daar 'n toenemende swaai na die belofte van konstitusionalisme is.⁵⁴

3. Die opkoms van omgewingskonstitusionalisme

Ofskoon die bondige uiteensetting hier bo nie aan die ontluikende en belangrike diskoers oor konstitusionalisme reg kan laat geskied nie, bied dit 'n insig in grondwette en konstitusionalisme vir die fokus van hierdie artikel, en dit laat 'n mens toe om te vra: Wat is omgewingskonstitusionalisme dan nou eintlik?

Uit bostaande bondige algemene ontleding kan 'n mens aflei dat die term *omgewingskonstitusionalisme* meestal gebruik word om 'n regulatoriese transformasie aan te dui, by name as 'n wyse van omgewingsbestuur wat beoog om omgewingsbeskerming te verbeter deur dit tot die konstitusionele vlak te verhef. Wat is die dryfkrag agter die ontwikkeling van hierdie betreklik nuwe vorm van konstitusionalisme? Omgewingskonstitusionalisme het heel waarskynlik voortgespruit uit die onvermoë van "gewone" wetsvoorskrifte (wat meestal besoedeling- en bewaringsgerig is) om die nodige vlak van omgewingsbeskerming te bied wat die vaders van die omgewingsreg aanvanklik in die vooruitsig gestel het. Hierdie onvermoë is vergroot deur die onlangse aanbreek van die Antroposeen.⁵⁵

Wetenskaplikes aanvaar tans algemeen (hoewel nog nie amptelik nie) dat ons 'n nuwe geologiese epog betree het wat die Antroposeen genoem word.⁵⁶ As 'n vakkundige term wat uitdrukking gee aan die geologiese belang van antropogene verandering, gee die term *Antroposeen* te kenne dat die aarde vinnig na 'n krities onstabiele toestand beweeg waarin aardstelsels geleidelik minder voorspelbaar, niestasionêr en minder harmonieus word as gevolg van die stempel wat die mens wêreldwyd op die omgewing afdruk.⁵⁷ Daar bestaan 'n wesenlike moontlikheid dat ons kritieke kantelpunte in die aardstelsel kan bereik wat tot vinnige en onomkeerbare verandering kan lei wat lewe op aarde soos ons dit ken, kan beïnvloed.⁵⁸

Terwyl die hedendaagse getuienis oor die aard van die Antroposeen as 'n herinnering dien dat die mens tans in onsekere tye van ekologiese omwenteling leef, leer die geskiedenis dat reguleerders en wetgewers in onsekere tye soos die huidige juis hulle toevlug tot die bekende, die konstante en die vertroude neem. Sedert die 17de eeu was grondwette 'n invloedryke komponent van die politieke geskiedenis⁵⁹ en bied dus 'n bekende taal en 'n logiese, voor die hand liggende oplossing vir omgewingsreguleerders in tye van ekologiese omwenteling en regulatoriese onsekerheid. Hierdie oplossing word verder ondersteun deur

getuienis van die betreklike voordeel vir globale regering waartoe die grondwetlike verskansing van die oppergesag van die reg, prosedures vir geregtelike hersiening en die menseregtebeweging deur die jare deur nasionale, regionale en internasionale konstitusionele instrumente gelei het.⁶⁰ dit het geleidelik duidelik geword dat die konstitusionalisering van die omgewingsreg ewe nuttig kan wees om verbeterde omgewingsbeskerming en 'n oplossing vir omgewingsregulatoriese tekortkominge te bied. Baie state het byvoorbeeld sedert die Stockholm-konferensie in 1972 omgewingsbeskermingsbepalings in hulle eie grondwette aangeneem,⁶¹ en vandag bevat driekwart van die wêreld se grondwette verwysings na omgewingsregte en -verpligtinge.⁶² 'n Intuïtiewe gevolgtrekking is dus dat omgewingskonstitusionalisme 'n toenemend gewilde (en moontlik desperate) regulatoriese poging is om omgewingsbeskerming deur die bekende lens van konstitusionalisme te verbeter.

3.1 Formele omgewingskonstitusionalisme

As bostaande die rasionaal van omgewingskonstitusionalisme is, wat is die kenmerke daarvan? By wyse van die voortsetting van die formeel-substantiewe metafoor is dit eerstens moontlik om omgewingskonstitusionalisme funksioneel of beskrywend te verstaan as 'n manier om die ordening, samestelling en argitektuur van omgewingsbestuur op die hoogste vlak te bepaal. Dit sluit onder meer in:

- die middele en prosedures om omgewingsbestuursbevoegdhede te verleen en om omgewingsbestuursinstellings te vestig, met inbegrip van die bevoegdheid van omgewingsowerhede self wanneer hulle besluite neem wat die omgewing raak (byvoorbeeld hulle bevoegdheid om 'n mynlisensie te evalueer en daaroor te besluit)
- om wetgewings-, konfliktoplossings- en wetstoepassingsprosesse van die staat in te stel en te rig vir sover dit met omgewingsaangeleenthede te doen het
- om die rolle en verantwoordelikhede van al die openbare en private rolspelers betrokke by omgewingsbestuur te bepaal
- om die vertikale wisselwerking tussen staat en individu en die horisontale wisselwerking tussen individue met betrekking tot die omgewing te reël.

Daar is talle voorbeelde van lande wat formele omgewingsgrondwette het wat terselfdertyd ook substantief kan wees. Ek steun vir die doel hiervan op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Die formele elemente daarvan blyk uit onder meer die grondliggende bepalinge in hoofstuk 1, wat bepaal dat Suid-Afrika "een, soewereine, demokratiese staat" is.⁶³ Hoofstuk 3 sit die prosedures uiteen wat goeie regering van samewerking, met inbegrip van omgewingsbestuur, tussen die nasionale, die provinsiale en die plaaslike regeringsfeer en al die lynfunksiedepartemente in elke sfeer moet verseker. Die werksaamhede en verantwoordelikhede, asook die bevoegdhede van die president, die parlement, die nasionale uitvoerende gesag, die provinsies en plaaslike owerhede word duidelik in hoofstukke 4 tot 7 gereël. Hoofstuk 8 bevat die allerbelangrikste bepalinge met betrekking tot die rol van die howe, hul werksaamhede en onafhanklikheid, asook met betrekking tot breër aangeleenthede van die geregtelike regspleging. Bylae 4 wys spesifiek die omgewing aan as 'n funksionele gebied van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid, terwyl bylae 5 'n reeks omgewingsdienste uiteensit wat die funksionele gebied van eksklusiewe provinsiale wetgewende bevoegdheid is. Artikel 195 gee 'n uitvoerige lys

basiese waardes en beginsels wat die openbare administrasie moet beheers. Dit is klaarblyklik almal bepalings wat die daaglikse bestuur van omgewingsaangeleenthede in Suid-Afrika uitmaak, instel, legitimeer en rig, en hoewel die land (soos lande elders in die wêreld) nie 'n enkele, allesomvattende *omgewingsgrondwet* het nie, bevat sy nasionale grondwet, die Grondwet, verskeie elemente wat ten doel het om te doen wat 'n formele omgewingsgrondwet tipies sou beoog om te doen.

Om die bestaan van 'n formele *wêreld-omgewingsgrondwet* (voortaan *wêreldomgewingsgrondwet* geskryf) of die voorkoms van formele konstitusionele elemente in die een of ander globale konstitusionele reëling vas te stel, is meer ingewikkeld, vanweë die feit dat daar nie een algemene wêreldgrondwet in die ortodokse sin bestaan wat op die hele wêreldorde van toepassing is nie. Die voorbeeld wat die meeste as 'n waarskynlike kandidaat genoem word, is die handves van die Verenigde Nasies, maar selfs hier heers onsekerheid onder kommentators ten opsigte van die formele konstitusionele eienskappe en die universele toepassing daarvan.⁶⁴ Wat die omgewing betref, kom Daniel Bodansky tot die gevolgtrekking dat, ten beste, talle multilaterale omgewingsooreenkomste 'n konstitusionele element in die formele sin bevat in die sin dat hulle institusionele en ander reëlins instel vir voortgesette bestuurstelsels wat om sekere vraagstukke gegroepeer is, soos klimaatsverandering, biodiversiteitsbeskerming en so meer.⁶⁵

Ander moontlike kandidate wat formele konstitusionele eienskappe het, kan stellig die versameling sagteregbeginsels (*soft law principles*) rakende die omgewing wees, met inbegrip van die beginsel dat die besoedelaar moet betaal, die voorsorgbeginsel, die beginsel van gemeenskaplike maar onderskeie verantwoordelikhede, en die beginsel van volhoubare ontwikkeling. Hoewel hierdie beginsels oor die onderskeie verdrae en hulle regimes heen sny, is hulle onafdwingbaar en vaag en stel nie 'n stelsel van kernwaardes vir die internasionale gemeenskap daar wat fundamentele afdwingbare substantiewe reëls skep nie. Ten beste dien hulle om die internasionale diskoers oor omgewingsprobleme te struktureer en tot verdere ontwikkeling te lei.⁶⁶ Elemente van 'n formele wêreldomgewingsgrondwet lê dus versprei oor die terrein van omgewingsverdrae en sagtereg, maar hulle is waarskynlik nie genoegsaam universeel konstitutief, gesistematiseer of verhef om as 'n gesistematiseerde wêreldomgewingsgrondwet in die formele sin te dien nie.

Hoewel die gebrek aan 'n wêreldomgewingsgrondwet waarskynlik ook verwant is aan die voortgesette gebrek aan 'n wêreldomgewingsorganisasie (ondanks talle oproepe om die instelling van so 'n organisasie),⁶⁷ moet die vraag of so 'n organisasie en 'n gepaardgaande wêreldomgewingsgrondwet ingestel moet word, nie oorbeklemtoon word nie. In haar verhandeling oor wêreldkonstitusionalisme voer Schwöbel tereg aan dat gespesialiseerde konstitusionalisme nie noodwendig gekoppel hoef te word aan die vestiging van 'n spesifieke instelling nie, soos blyk uit debatte oor omgewingskonstitusionalisme.⁶⁸ Trouens, net soos wat die internasionale gemeenskap (of selfs individuele lande) nie afsonderlike grondwette in 'n omvattende regulatoriese repertorium het wat op enkele elemente (soos handel, belasting, vervoer en so meer) toegespits is nie, kan 'n mens ook nie verwag dat die omgewing spesiale behandeling sal kry nie (al sal sommige sê dit moet). Bowendien is daar skynbaar genoegsame voorsiening vir omgewingsverwante formele konstitusionele elemente wat gesamentlik die argitektuur van omgewingsbestuur in die nasionale (soos in die Suid-Afrikaanse voorbeeld) én die globale sfeer daarstel.

3.2 Substantiewe omgewingskonstitusionalisme

In samehang met formele aspekte moet omgewingskonstitusionalisme ook in die substantiewe sin verstaan word. Dit is ooglopend kardinaal dat daar formele konstitusionele reëlins moet wees wat die argitektuur en institusionele funksies van omgewingsbestuur bepaal, maar in die lig van die dringende behoefte daaraan om die konstitusionele parameters en konstruksie daar te stel wat waarborg vir omvattende beskerming moet verskaf, beter omgewingsbeskerming moet vergemaklik en omgewingsbestuur moet verbeter, is dit uiters noodsaaklik dat substantiewe konstitusionele elemente by enige regulatoriese orde ingelyf word.⁶⁹ Omgewingskonstitusionalisme in die substantiewe sin kan dus voorsiening maak vir onder meer 'n regtegebaseerde benadering tot omgewingsbestuur, met inbegrip van 'n reg op 'n gesonde omgewing en die regte van die natuur, en vir bykomende politieke en sosio-ekonomiese regte en regte wat deelnemende, verteenwoordigende en deursigtige omgewingsbestuur vergemaklik. Benewens regte kan substantiewe omgewingskonstitusionalisme voorsiening maak vir rigtinggewende of staatsbeleidsbeginsels wat wetgewende handeling ter beskerming van die omgewing reguleer.⁷⁰ So 'n benadering kan voorsiening maak vir die oppergesag van die reg, omvattende bepalings rakende geregtelike hersiening, die skeiding van magte, en bepalings wat uitdruklik die oppergesag van 'n grondwet handhaaf. Daarbenewens kan dit voorsiening maak vir nastrewenswaardige waardes wat 'n samelewing moet deurdrenk, soos menswaardigheid, gelykheid en moontlik selfs ekologiese volhoubaarheid en ekologiese integriteit.

Van belang is dat substantiewe omgewingskonstitusionalisme ook die talle staats- en niestaatspligte met betrekking tot omgewingsbeskerming kan insluit, soos die volgende:

- om billikheid binne en tussen generasies te verseker
- om hulpbronne te bewaar
- om billike toegang tot en benutting van hulpbronne te verseker
- om nadelige omgewingsimpakte te vermy
- om omgewingsrampe te voorkom, skade te beperk en noodbystand te verleen
- om vir omgewingskade te vergoed
- om omgewingsgeregtigheid te verseker
- om toegang tot die regspleging te verseker
- om voldoende verteenwoordiging en deelname deur die burgerlike samelewing te verseker.⁷¹

Die grondwette en die wette van lande skryf dikwels die wyse voor waarop sodanige pligte deur 'n regering en sy instrumente verrig moet word, die minimumdrempel synde gewoonlik die eise van goeie owerheidsbestuur (deursigtig, inklusief, deelnemend, eties, nie korrup nie).⁷² Substantiewe omgewingskonstitusionalisme is dus nie net gemoeid met die *plig* om omgewingsverpligtinge na te kom nie, maar ook met die *wyse waarop* sulke verpligtinge nagekom word, want dit stel deur prosedurele waarborgs 'n standaard vir goeie omgewingsbestuur en kan selfs gebruik word om dit af te dwing.

Laastens kan substantiewe omgewingsgrondwette ook vooruit werk in die sin dat hulle intergenerasie-ooreenkomste is, oftewel ooreenkomste wat een generasie aangaan om

toekomstige generasies sowel te bind as te bevoordeel.⁷³ Op grond van hul spesiale historiese konteks en hul temporeel vooruitsiende standpunt funksioneer grondwette in die hede om 'n bepaalde soort wêreld en samelewing vir die huidige én vir die toekoms moontlik te maak. Bruce Ackerman noem hierdie temporele eienskap van grondwette meer algemeen 'n "gesprek tussen generasies"⁷⁴ wat, in die woorde van Douglas Kysar, die moontlikheid vir mense ontsluit om daarna te streef om die diachroniese uitinge van komende geslagte beter te hoor.⁷⁵ Hoewel hierdie temporaliteit nie noodwendig gelykgestel kan word aan 'n situasie waarin aan komende geslagte regte *per se* verleen word nie (hoewel so 'n moontlikheid nie buite rekening gelaat moet word nie), gee dit aan grondwetopstellers 'n unieke geleentheid om 'n moontlike toekoms vir die samelewing te vestig,⁷⁶ terwyl die samelewing se waardes en doelwitte idealiter teen die meerderheidsleer gekant en op die lang termyn gerig moet wees ten einde beter in staat te wees om op die dringende eise van die Antroposeen en/of die potensiële toekoms van komende geslagte te reageer. Hierdie temporaliteit vind dikwels die duidelikste uitdrukking deur konstitusionele omgewingsmenseregte wanneer hulle 'n voorkeur vir langtermynwaardes uitdruk bo die besluite wat 'n meerderheid of 'n minderheid kan neem ter wille van korttermynvoordeel.⁷⁷ Hoewel die Suid-Afrikaanse omgewingsmensereg byvoorbeeld nie so ver gaan as om aan komende geslagte regte te verleen nie, openbaar dit sy toekomsgerigte normatiewe inhoud deur te verklaar dat elkeen die reg het "op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte".⁷⁸

Daar is tans geen globale instrument wat al die eienskappe bevat wat nodig is om dit 'n wêreldomgewingsgrondwet in die substantiewe sin te maak nie, hoewel daar verskeie tekens is wat die moontlikheid van die uiteenlopende globale tevoorskyntrading daarvan voorspel. Sommige het byvoorbeeld die moontlikheid geopper dat die handves van die aarde (*Earth Charter*) en die wêreldnatuurhandves (*World Charter for Nature*) kandidate vir so 'n substantiewe wêreldomgewingsgrondwet is.⁷⁹ Die verdrag betreffende toegang tot inligting, inspraak by besluitneming en toegang tot die gereg insake omgewingsaangeleenthede van die Verenigde Nasies se ekonomiese kommissie vir Europa, 1998 (die Verdrag van Aarhus), is 'n goeie voorbeeld van 'n internasionale instrument wat die beskerming van prosedurele omgewingsverwante waarborge verseker. Die Verdrag van Aarhus bevestig die reg om in 'n omgewing te leef wat toereikend vir gesondheid en welsyn is,⁸⁰ maar maak daarbenewens voorsiening vir 'n hele stel prosedurele waarborge wat inklusiewe en deelnemende omgewingsbestuur kan vergemaklik. Daar word algemeen aanvaar dat hierdie verdrag prosedurele omgewingsregte steeds versterk,⁸¹ byvoorbeeld deur toe te laat dat mededelings deur een of meer lede van die publiek aan sy nakomingskomitee voorgelê word insake enige party se nakoming van die verdrag.⁸²

Intussen verskaf party menseregte-instrumente op streekvlak afdwingbare en dikwels beregbare omgewingsregte as 'n uitdrukking van omgewingskonstitusionalisme in die substantiewe sin. Dit sluit in: die Amerikaanse konvensie oor menseregte, 1969, saam met die San Salvador-protokol van 1988 daarvan; die Asiese menseregtehandves, 1998; die Arabiese handves oor menseregte, 2004; en die Afrika-handves oor mense- en volkereregte, 1981 (die Banjul-handves).

Voorbeelde van substantiewe omgewingskonstitusionele elemente blyk egter duideliker op plaaslike vlak, omdat die meeste grondwette vir omgewingsregte voorsiening maak. Volgens

streke is dié getalle soos volg: Afrika 32; Asië 14; Europa 28; Latyns-Amerika 16; en die Karibiese gebied 2.⁸³ Sommige lande het onlangs selfs regte aan die natuur toegeken.⁸⁴

Bykomend by die formele elemente van die Suid-Afrikaanse Grondwet wat hier bo bespreek is, is die Grondwet 'n plaaslike voorbeeld van 'n breed-aangepakte substantiewe omgewingskonstitusionalistiese benadering wat deur middel van die omgewingsmensereg daarin die spesifieke oogmerke van intergenerasiebillikheid en volhoubare ontwikkeling insluit. Dié reg verhef omgewingsbeskerming klaarblyklik tot die konstitusionele vlak en dit lê die regering (en die private sektor, in die mate waarin dit horisontaal geld)⁸⁵ verskeie verpligtinge op om die oogmerke van die reg deur wetgewende en ander maatreëls te bereik.⁸⁶ Artikel 24 in die handves van regte bepaal soos volg:

Elkeen het die reg—

(a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en

(b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat—

(i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;

(ii) bewaring bevorder; en

(iii) die ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder.⁸⁷

Die idee dat substantiewe omgewingskonstitusionalisme hoofsaaklik berus op, en potensieel verder kan strek as, 'n suiwer omgewingsgebaseerde benadering, word ook deur die Suid-Afrikaanse Grondwet geïllustreer, wat sy eie oppergesag en dié van die heerskappy van die reg bevestig deur te bepaal dat die Grondwet “die hoogste reg van die Republiek [is]; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word”.⁸⁸ Die bestek van die Grondwet se heerskappy dek ook omgewingsaangeleenthede deur die beskermingsoogmerke van die omgewingsmensereg wat daarin vervat is.

Voorts rus die Grondwet, en trouens die hele land, op 'n stel nastrewenswaardige maar grondliggende waardes wat eintlik die hele samelewing behoort te deurdrenk.⁸⁹ Hoewel dié waardes nie regstreeks of uitdruklik op die omgewing (soos ekologiese integriteit of ekologies volhoubare ontwikkeling) betrekking het nie, sluit hulle bybehorende waardes in, soos menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede, nierassigheid en nieseksisme en die heerskappy van die reg.⁹⁰ Vanweë die onderlinge samehang van hierdie tradisionele waardes van menseregte, en/of deur hulle as nastrewenswaardige oogmerke te stel wat omgewingsbestuur moet streef om te bereik, kan nakoming daarvan moontlik ook tot omgewingsbeskerming bydra.

Omgekeerd is 'n gesonde omgewing wat vir gesondheid en welsyn bevorderlik is, van kardinale belang vir die kweek van toestande waarin hierdie waardes verwesenlik, bevorder en beskerm kan word – of soos John Knox dit stel: “Human rights are grounded in respect for fundamental human attributes such as dignity, equality and liberty. The realization of these attributes depends on an environment that allows them to flourish.”⁹¹ Hierdie onderlinge verbondenheid blyk uit die verskillende omgewingsverwante regte waarvoor die Grondwet, benewens die omgewingsmensereg self, voorsiening maak. Die reg op gelykheid verbied byvoorbeeld onbillike diskriminasie en bepaal: “Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.”⁹² Artikel 10 erken dat “[e]lkeen ingebore waardigheid [het] en die reg [het] dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word”; terwyl artikel 11 verklaar: “Elkeen het die reg op lewe.” In 'n omgewings-konteks bepaal artikel 27 ook dat “[e]lkeen die reg [het] op toegang tot ... voldoende voedsel en water”. Hierdie politieke en sosio-ekonomiese regte het regstreeks betrekking op die omgewing, met inbegrip van al die volhoubaarheidsoorwegings, uit hoofde daarvan dat hulle met omgewingsgeregtigheid in verband staan.

Hierbenewens, en gepaard met hierdie substantiewe konstitusionele regte, maak 'n aantal prosedurele regte deel uit van die breër regtegebaseerde benadering tot omgewingsbestuur, en hulle moet, waar gepas, gebruik word om substantiewe regtegebaseerde aansprake af te dwing.⁹³ Dit sluit in die reg op regverdig administratiewe optrede en die reg op toegang tot inligting, asook bepalings rakende toegang tot howe en die afdwing van regte.⁹⁴ Die Suid-Afrikaanse Grondwet is dus 'n duidelike voorbeeld van 'n formele en 'n substantiewe grondwet wat omvattend voorsiening maak vir die argitektuur van omgewingsbestuur, asook vir die regtegebaseerde en ander substantiewe konstitusionele elemente wat omgewings-beskerming tot 'n hoër en meer normatief gesaghebbende juridiese vlak verhef.

3.3 'n Generiese beskrywing

Hoewel daar ander beskrywings kan wees, is die een wat hier bo aangebied is,⁹⁵ nuttig om saam te vat in wat J.B. Rhul as die drie basiese funksies van omgewingskonstitusionalisme beskou, naamlik: (a) 'n grondwet verskaf die handves vir die fundamentele modusse van regeringswerking, met inbegrip van die omsit van omgewingsbeleid in afdwingbare omgewingsreg deur 'n konstitutiewe raamwerk vir regering (formele aspek); (b) 'n grondwet kan dien as die bewaker van en verwysingspunt vir omgewingsmenseregte (substantiewe aspek); en (c) 'n grondwet bied 'n geleentheid om maatskaplike verbonde, simbole en strewes betreffende die omgewing te gedenk wat ten doel het om 'n blywende uitwerking op maatskaplike norme te hê (substantiewe aspek).⁹⁶

Dit lei tot die volgende nuttige opsomming en moontlike definisie: Omgewingskonstitusionalisme is deel van die groter konstitusionele paradigma, as ontwikkelende akademiese dissipline en analitiese perspektief, maar ook as sosiopolitieke en regstransformasieprojek. Deur te dien as 'n metode om omgewingsreg en -beskerming konstitusioneel op 'n blywender en “hoër” konstitusionele vlak te verskans, beliggaam omgewingskonstitusionalisme 'n transformerende benadering wat steun op grondwette om die argitektuur van omgewingsbestuur te verskaf, waarna dit dan die uitwerking het om omgewingsbeskerming te verbeter deur verskillende konstitusionele eienskappe, soos

fundamentele regte en pligte, beginsels van omgewingsbestuur, die oppergesag van die reg, en blywende strewingswaardes.

Dit is belangrik om in te sien dat hoewel die generiese oogmerke van omgewingskonstitusionalisme vir alle lande en streke van die wêreld dieselfde sal wees, die spesifieke inhoud, ontwerp, elemente en reikwydte van land tot land en van streek tot streek sal verskil vanweë die verskillende geskiedenis en die heersende sosiopolitieke, omgewings- en ekonomiese toestande van die onderskeie kulture, en ook die ontsaglik uiteenlopende regs-kulture van 'n kaleidoskopiese wêreld sal weerspieël.

Ondanks die geldige kritiek teen konstitusionalisme in die algemeen (sien die bespreking hier bo),⁹⁷ is dit denkbaar dat omgewingskonstitusionalisme verskeie voordele kan inhou wat "gewone", niekonstitusionele statutêre omgewingsbeskerming om verskeie redes nie kan bied nie. Dié redes sluit in:

- omgewingskonstitusionalisme troef ander waardes en funksies as 'n hoër standaard vir die "gewone" reg
- dit beïnvloed en vorm die "gewone" reg
- dit bied 'n aansienlik groter mate van staatsverantwoordbaarheid
- die toepassing daarvan, en die verwante effek van konstitusionalisme, kan uitgebrei word verby die ortodokse beperkings van openbare gesag
- Omgewingskonstitusionalisme bied die geleentheid, en in sekere mate die middele, om regeerpraktyk, die staat, wette en die samelewing met betrekking tot die omgewing te hervorm.
- Dit prioritiseer omgewingsorg deur dit gelyk te stel aan fundamentele regte, etiek en universele morele waardes.
- Dit verbeter prosedurele aspekte van omgewingsbestuur en dus ook privaatsektordeelname en staatsverantwoordbaarheid.
- Dit verskaf 'n legitieme grondslag en manier om omgewingsregte en -waardes en ander bronne van ekologiese pligte te skep en by private en openbare rolspelers af te dwing.
- Dit verskaf wigte en teenwigte by die ontwerp van wetgewing en die uitvoering van uitvoerende omgewingsbestuursfunksies.
- Dit verskaf die wyse waarop die inhoud van wette bepaal en afgedwing kan word.
- Dit stel morele en etiese verpligtinge ten opsigte van die omgewing daar, asook 'n gepaardgaande openbare en private, en binne- en tussenstaatlike, regverdigende grondslag vir behoorlike nakoming van hierdie pligte en die gesag om dit te vereis.⁹⁸

4. Omgewingskonstitusionalisme en omgewingsmenseregte

Noudat die breë konseptuele parameters van omgewingskonstitusionalisme geskets is, kan hierdie laaste afdeling van die artikel kortliks enkele oorwegings (daar kan nog baie wees) uiteensit waarop gelet moet word wanneer omgewingsmenseregte deur die lens van omgewingskonstitusionalisme beskou word.

a. Hoewel die waarde van konstitusionalisme of 'n gekonstitusionaliseerde regsorde nie oorbeklemtoon moet word deur te kenne te gee dat dit 'n panasee is wat al die kwale van die reg en regeerpraktyk in die algemeen kan genees nie, dra die argument dat 'n gekonstitusionaliseerde regsorde verkieslik, "beter" of aanvaarbaarder is as een wat nie gekonstitusionaliseer is nie, aansienlike gewig. Konstitusionalisme bly vandag, soos in die verlede, 'n kragtige paradigma, en veral omgewingskonstitusionalisme het die potensiaal om "gewone" omgewingsreg en -bestuur te verbeter deur prosedurele veranderinge te fasiliteer ten einde deursigtigheid, deelname en verantwoordbaarheid te versterk en deur substantiewe beginsels en norme te verskaf wat fundamentele menseregte, konstitusionele standaarde en ander aansprake insluit, soos ons hier bo gesien het.

Indien omgewingsmenseregte volgens hierdie paradigma bedink, daargestel, deurvors, afgedwing en versterk word, kan dit stellig dien om hul gangbaarheid, legitimiteit, belangrikheid en nuttigheid, en uiteindelik hul uitwerking te versterk. Hoewel omgewingskonstitusionalisme as sodanig 'n vae en onbepaalde konsep is, soos ons hier bo gesien het, kan dit, as 'n gedugte, bekende en universeel aanvaarde verskynsel,⁹⁹ help om sommige van die tekortkominge van omgewingsmenseregte teen te werk. Laasgenoemde is al gekritiseer as vaag, oneffektief, oortolig, ondemokraties, nie-afdwingbaar en nieberegbaar; as te kultureel imperialisties en te gefokus op individue; en as oneerlik deurdat dit vals hoop wek.¹⁰⁰ Tog is dit, vanweë die krag van menseregte as by uitstek die wêreldregstaal van hoër eties-morele waardes, onwaarskynlik dat omgewingskonstitusionalisme die regtegebaseerde benadering tot omgewingsorg heeltemal sal vervang. Omgewingsmenseregte is 'n belangrike komponent van omgewingskonstitusionalisme, en omgewingskonstitusionalisme kan ten beste dien om omgewingsmenseregte konseptueel te versterk terwyl dit langs (ondersteunend), onder (draend), bo-oor (beskermend) en voor (leidend) omgewingsmenseregte funksioneer as 'n paradigma en benadering tot omgewingsbeskerming. In hierdie sin kan omgewingskonstitusionalisme ten slotte miskien die beste verstaan word as 'n geestesingesteldheid¹⁰¹ of 'n nuwe manier van dink oor die verhouding tussen individue, soewereine regerings en die omgewing¹⁰² wat agter die skerms werkzaam is om institusionele veranderinge moontlik te maak wat aangehelp word deur menseregte, benewens ander konstitusionele middele.

b. Enige poging om omgewingsmenseregte deur die lens van omgewingskonstitusionalisme te beskou, moet sensitief bly vir die mislukkings van menseregte in die algemeen (met inbegrip van die werking van menseregte op ander gespesialiseerde terreine), en moet probeer om daadwerklik aandag aan die talle legitieme punte van kritiek teen menseregte te skenk. Menseregte word byvoorbeeld dikwels negatief gesien as ingeklee in 'n maskulinistiese ontologie omdat dit berus op die man as die grondslag van hul normatiwiteit; gekritiseer vanweë die oorwegend Westerse eienskappe daarvan; en daarvan beskuldig dat dit inheemse nie-Westerse kulture en belange uitsluit.¹⁰³ Sommige beskou die bevordering en beskerming van menswaardigheid deur stoflike welstand as die kern van menseregte, wat meestal bereik word deur vergrote ekonomiese sekerheid en derhalwe verhoogde verbruiksaktiwiteite.¹⁰⁴ Soms word gemeen dat die wortels van menseregte in die religie lê, maar só dat hulle op 'n verdraaide manier gebruik word om onregverdigbare inbreuk op die regte en belange van ander te regverdig.¹⁰⁵ In aansluiting by voorgaande kan menseregte ook gesien word as sou dit die regverdigingsbasis bied vir volkome menslike bemeestering van die wêreld wat buite die mens lê, as sou dit slegs aansprake skep in plaas van ook

pligte en verantwoordelikhede, en as sou dit individualisties wees, en so pogings teëwerk om harmonieuse interafhanklikheid te kweek.¹⁰⁶

Ten einde breedweg mense se omgewingsregte te akkommodeer op 'n wyse wat terselfdertyd sulke slaggate wil vermy, moet die beweging van omgewingskonstitusionalisme self oop wees vir:

- niemaskulinistiese revisionisme wat byvoorbeeld binne die raamwerk van 'n ekofeministiese diskoers kan voorkom¹⁰⁷
- die breë insluiting van nie-Westerse en inheemse oriëntasies (byvoorbeeld deur “ekologiese selfregering”, soos sommige voorstel)¹⁰⁸
- die verkenning van alternatiewe maniere om welstand te meet (in plaas daarvan om slegs op stoflike welstand en ekonomiese sekerheid te fokus), maniere wat die aanname bevraagteken dat welstand bevorder word wanneer wins deur uitsetverhoging verhoog word¹⁰⁹
- verset teen die religiegesanksioneerde legitimering van regulatoriese normatiewe aandrang wat mense se meesterskap oor ander mense en niemenslike entiteite wil versterk
- die moontlikheid om die eksklusiewe regulatoriese fokus van die staat en die individu na 'n meer inklusiewe oorweging van die hele aardstelsel en al die elemente daarvan te verskuif.¹¹⁰

c. Die beperkings wat op omgewingskonstitusionalisme gelê word, word weerspieël deur regulatoriese werklikhede wat wentel om juridiese weerstand teen 'n verskuiwing in die regstelsel se diepgesete verbintenisse en oortuigings. Douglas Kysar skryf byvoorbeeld die wetgewers van die VSA se terughoudendheid om konstitusionele omgewingsbeskermingsbepalings aan te neem, toe aan kommer wat ook wêreldwyd voorkom, dat “expanding the reach of constitutional protection to encompass future generations or non-human life-forms – not to mention the environment as such – would require significant adjustment to the anthropocentric, individualistic, and instrumentalist outlook upon which liberal ordering strongly depends.”¹¹¹ So 'n diepgaande verskuiwing sal 'n fundamentele ommekeer vereis in die reg, die politiek en die maatskaplike ordening soos ons dit ken, 'n verandering wat die (private en openbare) regulatoriese gesag skynbaar (nog) nie gewillig is om te aanvaar nie. Met die opvallende uitsondering van Ecuador,¹¹² wat 'n grondwet het wat aan die natuur regte verleen en dus byna suiwer ekosentries is, word grondwette en omgewingsmenseregte steeds meestal in antroposentriese taal ingeklee.

Die regulatoriese teësinningheid om vir meer ekosentriese oriëntasies oop te maak, verdiep net die spanning tussen ekosentrisme en antroposentrisme wat steeds in die menseregte-omgewing-arena heers.¹¹³ Op 'n aweregse manier kan omgewingskonstitusionalisme dus, as dit nie sorgvuldig ter wille van 'n meer ekosentriese oriëntasie toegepas word nie, die bestaande benaderings tot voldoening aan menseregte wat geneig is om utilitêr gefokus te wees, versterk, in stand hou en selfs legitimeer– en so pogings begrond om toegang tot hulpbronne te verbeter en menslike aansprake daarop uit te brei ten einde ekonomiese ontwikkeling in die breedste sin te verseker.¹¹⁴

Wat die omgewing betref, is alles wat konstitusioneel is, dus nie noodwendig “beter” nie, en die eindresultaat van enige omgewingskonstitusionele benadering tot omgewingsmenseregte in normatiewe sin sal (ook) afhang van die etiese oriëntasie van omgewingskonstitusionalisme self. Vir hierdie doel is ’n ekosentriese benadering verkieslik, veral in die sin dat dit kan dien om ’n omgewingskonstitusionele konteks daar te stel waarin omgewingsmenseregte klaarblyklik die omgewing as ’n lewensvoorwaarde erken, waarin beperkings op menslike aansprake op hulpbronne ingestel word en waarin die intrinsieke – eerder as die bloot funksionele – waarde van die omgewing erken word, terwyl dit terselfdertyd daarna streef om ekologiese integriteit te bewaar.

d. Anna Grear doen aan die hand dat regssubjektiwiteit ’n – indien nie *die* nie – deurslaggewend belangrike regsbeniddelaar van verhoudinge tussen die reg, die mens en die omgewing is. Dit is so omdat, eerstens, die reg-“subjek”, die persoon of die entiteit die grondliggende referent van die reg as ’n stelsel is – die logiese plek of ontvangsterrein wat die reg aanwend om ’n netwerk van regsverhoudinge, soos regte, pligte, verpligtinge, immuniteite en so meer, byeen te bring.¹¹⁵ Die vraagstuk van regssubjektiwiteit is net so belangrik vir omgewingsmenseregte as vir omgewingskonstitusionalisme – ’n oorweging wat ook duidelik blyk uit die antroposentrisme-ekosentrisme-debat wat hier bo beskryf is. Daar word dikwels gevra wie die subjekte van omgewingsmenseregte moet wees: mense, niemenslike lewende wesens en/of nielewende entiteite? Moet hierdie regssubjektiwiteit tot in toekomstige generasies strek? Is dit inderdaad behoorlik om “die omgewing” as ’n regssubjek te beskou? En watter uitwerking het parogiale formulerings van regssubjektiwiteit op die mens-omgewing-koppelvlak, en hoe laat dit menslike heerskappy oor die lewende niemenslike wêreld voortbestaan?

Hierdie vrae is eweneens van toepassing op grondwette, wat beskou word as die hoogste regsinstrumente wat ten doel het om regssubjekte in regs- en politieke ordes te verteenwoordig. Indien ’n mens Douglas Kysar se standpunt aanvaar dat baie van die omgewingsreg se subjekte nie op die gewone liberale manier polities verteenwoordig word nie,¹¹⁶ moet daar redelikerwys verwag word dat die konstitusionalismebeweging na binne sal keer en sy eie langgekoesterde tradisie sal bevraagteken, welke tradisie uitsluitlik op die staat en mense as sy enigste legitieme subjekte en referente konsentreer. Omdat omgewingsmenseregte op die lees van die breër paradigma van omgewingskonstitusionalisme geskoei is, kan sulke introspeksie klaarblyklik ’n invloed uitoefen op hoe omgewingsmenseregte voortaan die vraagstuk van regssubjektiwiteit sal benader en as ’n vertrekpunt dien in die nadenke oor ’n fundamentele herordening van die konstruksie van regssubjektiwiteit in die omgewingsreg, die konstitusionele reg en die reg aangaande menseregte.

5. Slot

Hierdie artikel is 'n poging om te verduidelik dat omgewingskonstitusionalisme in verskillende vorme na vore tree. Dit sluit formele konstitusionele eienskappe in wat voorsiening maak vir die argitektuur en inwerkingstelling van omgewingsbestuur, asook substantiewe konstitusionele eienskappe wat konstitusioneel verskanste regtegebaseerde bepalinge, grondliggende waardes en "hoërorde"-beginsels insluit. Net soos wat grondwette oor die algemeen beskou 'n nuwe toekomsgerigte regs-, politieke en sosiale werklikheid inlyf wat in teenstelling staan met 'n ongewenste of veragte verlede (Suid-Afrika se grondwetlike revolusie is 'n voorbeeld), kondig omgewingskonstitusionalisme die "aaklige" vóór en die hopelik "toereikender" ná aan, of dit nou gebeur by wyse van 'n onwaarskynlike konstitusionele oomblik vergelykbaar met die opstel van die universele verklaring van menseregte in 1948, dan wel deur die geleidelike en waarskynliker deursyfering van eienskappe van omgewingskonstitusionalisme na bestaande plaaslike en globale regulatoriese reëlins wat in die mens-omgewing-koppelvlak werksaam is. Tans geskied 'n groot deel van hierdie deursyfering deur middel van omgewingsmenseregte, 'n tendens wat heel waarskynlik sal voortduur en selfs sterker sal word namate die wêreld opnuut weer sy aandag rig op die bekende taal van konstitusionalisme in die waarskynlik apokaliptiese epog van die Antroposeen.

Omgewingskonstitusionalisme is dalk 'n vae en lomp begrip, maar dit is een wat mense waarskynlik eerder intuïtief sal verstaan en aanvaar, ondanks 'n onvermoë om die normatiewe inhoud en kontoere daarvan bondig en sistematies te beskryf. Soos ook in die geval van omgewingsmenseregte moet 'n mens aanvaar dat omgewingskonstitusionalisme as 'n begrip, as 'n regsmaatskaplike en politieke projek, en as 'n transformerende wyse om 'n "nuwe begin" vir groter omgewingsorg te skep, nie noodwendig onmiddellike en/of duidelik omlynde resultate sal oplewer nie, en dat dit ook nooit voltooi sal wees nie. Soos die paradigma van liberale konstitusionalisme, waarin dit tans ingebed is, moet omgewingskonstitusionalisme gesien word as 'n "work in progress, asymptotically striving toward an unattainable but undeniable goal of universal recognition and respect".¹¹⁷

Dit is net so onwaarskynlik dat konstitusionalisme onmiddellike oplossings sal bied vir die menigte vrae en probleme wat met omgewingsregulering gepaardgaan as dat menseregte die verdiepende ekologiese krisis heeltemal sal oplos. Daar is goeie rede om aan die hand te doen dat albei hierdie paradigmas nie moet poog – en in elk geval nooit in staat sal wees – om afdoende antwoorde te gee nie. Die idee is eerder dat hulle, in die woorde van Douglas Kysar, daarna moet streef om die kollektiewe selfbewustheid met betrekking tot die dringende behoefte om die menigte kwessies wat omgewingsbeskerming opper, aan te sny, terwyl geen van beide paradigmas ooit met kitsoplossings tevrede moet wees nie.¹¹⁸

Die belangrikste is dat hierdie voortgaande hervormingsprojek 'n kardinale deel uitmaak van die talle menslike pogings om omgewingsorg te versterk deur reaksies uit die breër konstitusionele reg, en meer spesifiek die omgewingsreg en die omgewingsbestuurspraktyk, wat ook die regtegebaseerde benadering behels. Vanuit 'n normatiewe oogpunt "environmental constitutionalism offers one way to engage environmental challenges that fall beyond the grasp of other legal constructs. It can [and should be understood to] be

coalescent, merging governmental structures and individual rights modalities in furtherance of an overarching legal-normative framework for directing environmental policy.”¹¹⁹

Analities bied omgewingskonstitusionalisme ryk moontlikhede vir verkenning in die toekoms en dit het die potensiaal om tot 'n outonome en invloedryke studieterrein te ontwikkel wat aan sowel menseregtekundiges as -reguleerders 'n bekender en omvattender regulatoriese perspektief, 'n stewiger regverdigingsbasis, en konseptueel ondersteunende analitiese en normatiewe intervensionistiese regulatoriese opsies bied in hierdie tyd van ongeëwenaarde ekologiese omwenteling in die Antroposeen.

Bibliografie

Ackerman, B. 1997. The rise of world constitutionalism. *Virginia Law Review*, 83(4):771–97.

—. 2007. The living constitution. *Harvard Law Review*, 120(7):1737–809.

Allen, M.H. 2004. Globalization and peremptory norms in international law: From Westphalian to global constitutionalism. *International Politics*, 41:341–53.

Allot, P. 2000. The concept of international law. In Byers (red.) 2000.

Biermann, F. en S. Bauer. 2005. *A world environment organization: Solution or threat for effective international environmental governance?* Aldershot: Ashgate.

Bodansky, D. 2009. Is there an international environmental constitution? *Indiana Journal of Global Legal Studies*, 16(2):565–84.

Bosselmann, K. 1992. *Im Namen der Natur: Der Weg zum ökologischen Rechtsstaat*. Bern: Scherz.

—. 2005. Human rights and the environment: Redefining fundamental principles? <http://www.ais.up.ac.za/health/blocks/HET870/Fundamentalprinciples.pdf> (18 Augustus 2015 geraadpleeg).

—. 2010. Outlook: The Earth Charter – A model constitution for the world? In Bosselmann en Engel (reds.) 2010.

Bosselmann, K. en R. Engel (reds.). 2010. *The Earth Charter: A framework for global governance*. Amsterdam: KIT Publishers.

Boyd, D. 2012. *The environmental rights revolution: A global study of constitutions, human rights, and the environment*. Vancouver: UBC Press.

Brady, J.S., B. Crawford en S.E. Wiliarty (reds.). 1999. *The post-war transformation of Germany: Democracy, prosperity and nationhood*. Ann Arbor: University of Michigan Press.

- Brown Weiss, E. 1989. *In fairness to future generations: International law, common patrimony, and intergenerational equity*. Dobbs Ferry: Transnational Publishers.
- Bryde, B. 2005. International democratic constitutionalism. In Macdonald en Johnston (reds.) 2005.
- Byers, M. (red.). 2000. *The role of law in international politics: Essays in international relations and international law*. Oxford: Oxford University Press.
- Carr-Hill, R. 2012. Measuring well-being. *Radical Statistics*, 107:31–48.
- Daly, E. 2012. Constitutional protection for environmental rights: The benefits of environmental process. *International Journal of Peace Studies*, 17(2):71–80.
- Diggelmann, O. en T. Altwicker. 2008. Is there something like a constitution of international law: A critical analysis of the debate on world constitutionalism. *Zeitschrift für ausländisches öffentliches Recht und Völkerrecht*, 68:623–50.
- Dobner, P. en M. Loughlin (reds.). 2010. *The twilight of constitutionalism?* Oxford: Oxford University Press.
- Dunoff, J. en J. Trachtman (reds.). 2009. *Ruling the world? Constitutionalism, international law and global government*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Ekeli, K.S. 2007. Green constitutionalism: The constitutional protection of future generations. *Ratio Juris*, 20(3):378–401.
- Feris, L. 2008. Constitutional environmental rights: An underutilised resource. *South African Journal on Human Rights*, 24(1):29–49.
- Fischer-Lescano, A. 2005. *Globalverfassung: Die Geltungsbegründung der Menschenrechte*. Weilerswist: Velbrück.
- Friedman, F. 2014. The South African common law and the Constitution: Revisiting horizontality. *South African Journal of Human Rights*, 30:69–88.
- Gardbaum, S. 2009. Human rights and international constitutionalism. In Dunoff en Trachtman (reds.) 2009.
- Gareau, B.J. 2013. Global environmental constitutionalism. *Boston College Environmental Affairs Law Review*, 40(2):403–8.
- Gearty, C. 2010. Do human rights help or hinder environmental protection? *Journal of Human Rights and the Environment*, 1(1):7–22.
- Gosseries, A. 2008. Constitutions and future generations. *The Good Society*, 17(2):32–7.

Grear, A. 2015. The closures of legal subjectivity: Why examining “law’s person” is critical to an understanding of injustice in an age of climate crisis. In Grear en Kotzé (reds.) 2015.

Grear, A. en L.J. Kotzé (reds.). 2015. *Research handbook on human rights and the environment*. Cheltenham: Edward Elgar.

Grimm, D. 2010. The achievement of constitutionalism and its prospects in a changed world. In Dobner en Loughlin (reds.) 2010.

Habermas, J. 2005. Eine politische Verfassung für die pluralistische Weltgesellschaft? *Kritische Justiz*, 38(3):222–47.

—. 2012. The crisis of the European Union in the light of a constitutionalization of international law. *European Journal of International Law*, 23(2):335–48.

Henders, S. 2005. Ecological self-government: Beyond individualistic paths to indigenous and minority rights. *Journal of Human Rights*, 4:23–36.

Henrard, K. 2002. Post Apartheid South Africa’s democratic transformation process: Redress of the past, reconciliation and “unity in diversity”. *Global Review of Ethnopolitics*, 1(3):18–38.

Ignatieff, M. 2012. Reimagining a global ethic. *Ethics and International Affairs*, 26(1):7–19.

Internasionale Kommissie vir Stratigrafie, 2015. Antroposeen-Werkgroep
<http://quaternary.stratigraphy.org/workinggroups/anthropocene> (18 Augustus 2015 geraadpleeg).

Johnston, D.M. 2005. World constitutionalism in the theory of international law. In Macdonald en Johnston (reds.) 2005.

Klabbers, J., A. Peters en G. Ulfstein. 2009. *The constitutionalization of international law*. Oxford: Oxford University Press.

Koskenniemi, M. 2007. Constitutionalism as mindset: Reflections on Kantian themes about international law and globalization. *Theoretical Inquiries in Law*, 8(1):9–36.

Kotzé, L.J. 2004. The application of just administrative action in the South African environmental governance sphere: An analysis of some contemporary thoughts and recent jurisprudence. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 7(2):58/204–94/204.

—. 2012. Arguing global environmental constitutionalism. *Transnational Environmental Law*, 1(1):199–233.

—. 2013. Om globale omgewingsreg en regulering in die Antroposeen te herbedink. *LitNet Akademies*, 10(1):200–14.
[http://litnet.co.za/assets/pdf/joernaaluitgawe_10_1/10\(1\)_R_Kotze.pdf](http://litnet.co.za/assets/pdf/joernaaluitgawe_10_1/10(1)_R_Kotze.pdf)

—. 2014. Rethinking global environmental law and governance in the Anthropocene. *Journal of Energy and Natural Resources Law*, 33(2):121–56.

—. 2015. Human rights and the environment through an environmental constitutionalism lens. In Gear en Kotzé (reds.) 2015.

Kravchenko, S. 2007. The Aarhus Convention and innovations in compliance with multilateral environmental agreements. *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy*, 18(1):1–50.

Kysar, D.A. 2010. *Regulating from nowhere: Environmental law and the search for objectivity*. New Haven: Yale University Press.

—. 2012. Global environmental constitutionalism: Getting there from here. *Transnational Environmental Law*, 1(1):83–94.

Lutz, D. 2000. Thinking about constitutionalism at the start of the twenty-first century. *Publius*, 30(4):115–35.

Macdonald, R. en D.M. Johnston (reds.). 2005. *Towards world constitutionalism: Issues in the legal ordering of the world community*. Leiden: Martinus Nijhoff.

May, J.R. en E. Daly. 2014. *Global environmental constitutionalism*. Cambridge: Cambridge University Press.

McHarg, A. 2011. Climate change constitutionalism? Lessons from the United Kingdom. *Climate Law*, 2:469–84.

Neuman, G.L. 2003. Human rights and constitutional rights: Harmony and dissonance. *Stanford Law Review*, 55:1863–900.

Peters, A. 2006. *The constitutionalist reconstruction of international law: Pros and cons*. NCCR International Trade Working Paper No. 11(07-2006).

Peters, A. en K. Armingeon. 2009. Introduction: Global constitutionalism from an interdisciplinary perspective. *Indiana Journal of Global Legal Studies*, 16(2):385–95.

Petersen, S. 1990. Whose rights? A critique of the “givens” in human rights discourse. *Alternatives*, XV:303–44.

Plumwood, V. 1986. Ecofeminism: An overview and discussion of positions and arguments. *Australasian Journal of Philosophy*, 64:120–38.

Rhul, J.B. 2015. Constitutional law. In UNESCO 2015.

Rockström, J. W.L. Steffen, K. Noone, A. Persson, F. Stuart Chapin III, e.a. 2009. Planetary boundaries: Exploring the safe operating space for humanity. *Ecology and Society*, 14(2):23.

Sartori, G. 1962. Constitutionalism: A preliminary discussion. *American Political Science Review*, 56(4):853–64.

Schwöbel, C. 2010. Situating the debate on global constitutionalism. *International Journal of Constitutional Law*, 8(3):611–35.

Sen, A. 2004. Elements of a theory of human rights. *Philosophy and Public Affairs*, 32(4):315–56.

Shestack, J. 1998. The philosophical foundations of human rights. *Human Rights Quarterly*, 20(2):201–34.

UNESCO. 2015. Encyclopedia of life support systems. Environmental law and their enforcement: Volume 1. <http://www.eolss.net/Sample-Chapters/C04/E4-21-02.pdf> (12 Maart 2014 geraadpleeg).

Venter, F. 2000. *Constitutional comparison: Japan, Germany, Canada and South Africa as constitutional states*. Kaapstad: Juta.

—. 2008. Die staat, staatsreg en globalisering. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 3:412–24.

—. 2014. Konstitusionalisme in Suid-Afrika. *LitNet Akademies*, 11(2):91–115.
http://www.litnet.co.za/assets/pdf/joernaaluitgawe_11_2/11_2_Venter.pdf

Verdross, A. 1926. *Die Verfassung der Völkerrechtsgemeinschaft*. Wien: Springer.

Verenigde Nasies Ekonomiese Kommissie vir Europa (UNECE). 2015. Communications from the public. <http://www.unece.org/env/pp/pubcom.html> (18 Augustus 2015 geraadpleeg).

Verenigde Nasies Menseregteraad. 2015. Report of the Independent Expert on the issue of human rights obligations relating to the enjoyment of a safe, clean, healthy and sustainable environment.

http://www.ohchr.org/Documents/HRBodies/HRCouncil/RegularSession/Session22/A-HRC-22-43_en.pdf (18 Augustus 2015 geraadpleeg)

Verenigde Nasies Omgewingsprogram (UNEP). 2012. GEO5-Global Environment Outlook: Environment for the future we want.

http://www.unep.org/geo/pdfs/geo5/GEO5_report_full_en.pdf (18 Augustus 2015 geraadpleeg).

Weston, B. en D. Bollier. 2013. Toward a recalibrated human right to a clean and healthy environment: Making the conceptual transition. *Journal of Human Rights and the Environment*, 4(2):116–42.

Wiener, A. 2003. Editorial: Evolving norms of constitutionalism. *European Law Journal*, 9(1):1–13.

Wiener, A., A.F. Lang Jr., J. Tully, M.P. Maduro en M. Kumm. 2012. Global constitutionalism: Human rights, democracy and the rule of law. *Global Constitutionalism*, 1(1):1–15.

Eindnotas

* Hierdie artikel is 'n vertaalde en bygewerkte weergawe van 'n hoofstuk deur die skrywer getiteld "Human rights and the environment through an environmental constitutionalism lens", wat verskyn het in Grear en Kotzé (reds.) 2015. My dank aan die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika vir die ruim befondsing wat hierdie navorsing moontlik gemaak het. Dankie ook aan die anonieme beoordelaars vir hulle konstruktiewe kommentaar op 'n vroeër weergawe, en aan Tom McLachlan vir sy hulp met die vertaling en die taalkundige versorging.

¹ Sen (2004:319).

² Sien o.m. Gearty (2010:7–22).

³ Lutz (2000:125).

⁴ Ignatieff (2012:7).

⁵ O.m. publikasies soos die *Journal of Human Rights and the Environment* dui hierop.

⁶ Boyd (2012).

⁷ Ek gebruik met opset hierdie wydstrekkende term om te verwys na regte ten opsigte van die omgewing; bykomende substantiewe regte soos die reg op lewe en op waardigheid wat op die omgewing slaan; en gepaardgaande prosedurele regte, soos die reg op toegang tot inligting en toegang tot howe wat gebruik word om substantiewe omgewingsverwante aansprake af te dwing.

⁸ Gardbaum (2009).

⁹ Boyd (2012:245–51).

¹⁰ Wiener e.a. (2012) tref die volgende nuttige onderskeid tussen hierdie terme (hoewel in die konteks van globale konstitusionalisme): Hoewel 'n grondwet aangeneem word om die politiek in toom te hou, is konstitusionalisering 'n verskynsel wat die behoefte om vernuwend regulatoriese of beginselvaste praktyke in 'n politieke en regsorde daar te stel, aan die lig bring. Konstitusionalisme is 'n voortgaande projek wat verwant is aan die aankweek van groter legitimiteit in politieke en regsordes en wat sekere vorme van wigte en teenwigte vra (Wiener e.a. 2012:4–6). Dit is belangrik om daarop te let dat dit almal "evaluerend-beskrywende terme" is wat skynbaar dit wat hulle gebruik word om te beskryf, onvermydelik evalueer, en dus vir die huidige doeleindes 'n regsorde beskryf en evalueer en

dit meet aan universeel aanvaarde opvattinge van wat dit ideaal gesproke kan of moet wees (Peters en Armingeon 2009:387). Vir die doel van hierdie artikel gebruik ek al drie terme losweg om meer algemeen die proses te benoem van “gewone” reg wat konstitusioneel word ten einde o.m. staatsgesag aan bande te lê, ’n regsorde te verbeter en verbeterde maniere van regsbeskerming te verskaf.

¹¹ Die Verenigde Koninkryk (VK) is een so ’n voorbeeld. Sien ook die bespreking hier onder.

¹² Gardbaum (2009).

¹³ Tot op hede is daar egter nog nie ’n universeel toepaslike hardereg-instrument in die vorm van ’n wêreldverdrag wat uitdruklik vir ’n substantiewe omgewingsreg voorsiening maak nie, en so ’n reg is ook nog nie in die korpus van die internasionale gewoontereg aanvaar nie. Slegs op streeksvlak maak verdrae uitdruklik vir omgewingsregte voorsiening. Dit sluit in die Amerikaanse verdrag oor menseregte, 1969, met sy San Salvador-protokol van 1988 (art. 11(1)); Art. 3(2) van die Asiese menseregtehandves, 1998; die Arabiese handves van menseregte, 2004 (art. 38); en art. 24 van die Afrika-Unie (AU) se Afrikahandves oor mense- en volkereregte, 1981 (ook bekend as die Banjul-handves).

¹⁴ Hier fokus die debat op die vraag of ’n internasionale regsregime, soos die reg van die Europese Unie, wêreldhandelsreg of wêreldomgewingsreg, tekens toon dat dit aan die transformeer is van ’n uitsluitlik verdragsgebaseerde entiteit na ’n konstitusionele entiteit. Dit is ’n proses van “a shift from globalised towards constitutionalised relations in the global realm” (Wiener e.a. 2012:3).

¹⁵ Beginsel 1 lui dat die mens ’n fundamentele reg op vryheid, gelykheid en toereikende lewensomstandighede het in ’n omgewing van ’n gehalte wat ’n lewe met waardigheid en welsyn moontlik maak, en dat die mens ’n dure verantwoordelikheid het om die omgewing vir die huidige en toekomstige geslagte te bewaar en te verbeter.

¹⁶ Sien Gosseries (2008:32–7); Ekeli (2007:378–401).

¹⁷ Schwöbel (2010:632).

¹⁸ Kommentators aanvaar skynbaar die onvermydelike behoefte aan omgewingskonstitusionalisme, maar hulle deins daarvan terug om dieper in die teorie van die begrip te delf. Hoewel Gareau (2013:403–8) byvoorbeeld die behoefte aan ’n globale omgewingskonstitusionalistiese bestel uitlig, gee hy nie besonderhede van die betekenis van omgewingskonstitusionalisme in die wêreldkonteks nie.

¹⁹ Kysar (2010:229, 231).

²⁰ Boyd (2012:3).

²¹ May en Daly (2014:7).

²² May en Daly (2014:9).

²³ Kotzé (2012:208).

²⁴ Suid-Afrikaanse, en dan meer spesifiek Afrikaanse, omgewingsregsgeleerdes publiseer met weinig uitsondering byna uitsluitlik in Engels. Daar is wel 'n toenemende maar tentatiewe neiging om navorsing wat betrekking het op omgewingsreg in Afrikaans te publiseer, soos wat enkele publikasies van dié aard in *LitNet Akademies* getuig.

²⁵ May en Daly (2014:15).

²⁶ Venter (2014:91–115).

²⁷ Die VK is die beroemde voorbeeld van 'n konstitusionele demokrasie sonder 'n skriftelike grondwet: "The United Kingdom has a difficult and *sui generis* constitution, deriving from a tortuous sedimentation of common law, acts and conventional usage, partly legal and partly extra-legal" (Sartori 1962:853). McHarg (2011:475) noem die VK-benadering "politieke konstitusionalisme" in teenstelling met die meer tradisionele idee van liberale Westerse konstitusionalisme: "Fundamental values are expressed and protected through institutional design and practices and the attitudes of constitutional actors. On this version of constitutionalism, ordinary statutes can gain constitutional status, and therefore a measure of political entrenchment, if they are regarded by relevant actors as being intended to effect a fundamental change in, or to protect some fundamental feature of, the governing system."

²⁸ Bodansky (2009:567).

²⁹ Allen (2004:342).

³⁰ Wiener (2003:5).

³¹ McHarg (2011:474).

³² Wiener (2003:5); Bryde (2005:105).

³³ Neuman (2003:1866) meen dat "national constitutions in the liberal tradition are understood as originating in direct or indirect exercises of popular sovereignty that provide one source of legitimation for the enforcement of the rights they contain."

³⁴ Peters (2006:5).

³⁵ Boyd (2012:4).

³⁶ Wiener e.a. (2012:4–6).

³⁷ Sartori (1962:855).

³⁸ Johnston (2005:17–8).

³⁹ Bosselmann (1992:190) sê: “Unbestritten ist die Verfassungsebene das zentrale Feld der Auseinandersetzung um gesellschaftliche Wertorientierungen. Nirgendwo sonst bietet sich eine vergleichbare Ebene, auf der sich Werte und Leitprinzipien einer Gesellschaftsordnung so deutlich zeigen wie auf der Ebene der Verfassung. Dies liegt vorallem daran, daß die Verfassung den größtmöglichen Konsens einer pluralistischen Gesellschaft verkörpern soll.” Hy verduidelik dat 'n grondwet die duidelikste manifestasie en getuigenis van 'n maatskaplike orde se waardes en leidende beginsels is, omdat 'n grondwet die gedeelde konsensus van 'n pluralistiese samelewing die omvattendste beliggaam.

⁴⁰ Neuman (2003:1868).

⁴¹ Bodansky (2009:568, 571).

⁴² May en Daly (2014:54).

⁴³ Gardbaum (2009).

⁴⁴ Sartori (1962: 855).

⁴⁵ Die apartheidgrondwette het weliswaar slegs 'n baie duidelike formele funksie vervul en die staatsbestel georden. Die apartheidgrondwette was dus in 'n mate m.a.w. “bloot” grondwette (in die formele sin); hulle was nie konstitusioneel (in die substantiewe sin), soos die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, wel is nie. Vir 'n bespreking sien Venter (2000:74–9).

⁴⁶ Ackerman (1997:778).

⁴⁷ Sien meer in die algemeen Brady e.a. (reds.) (1999).

⁴⁸ 'n Oortuigende beskrywing van versoening en transformasie in Suid-Afrika ná apartheid is te vinde in Henrard (2002:18–38).

⁴⁹ Ackerman (1997:778–80).

⁵⁰ Ekeli (2007:383) verduidelik hierdie onvermydelike “quantum of rule-making” soos volg: “Some degree of law-making and policy-making discretion and power is inherent in judicial enforcement (i.e., interpretation and application) of laws. This means that if the people and their elected representatives employ judges to enforce laws, some power to govern will be transferred to the judges.”

⁵¹ Vir 'n opsomming, sien Boyd (2012:5–6).

⁵² Sien bv. Habermas (2012:335–48).

⁵³ Sien uit die talle publikasies bv. Fischer-Lescano (2005); Habermas (2005:222–47); Verdross (1926).

⁵⁴ Venter (2008:412–24) en Bodansky (2009:569).

⁵⁵ Kotzé (2013:200–14).

⁵⁶ Die Antroposeen is nog nie 'n formeel omskrewe geologiese eenheid binne die geologiese tydskaal nie. 'n Voorstel om die Antroposeen te formaliseer word deur die Antroposeen-werkgroep opgestel vir oorweging deur die internasionale kommissie vir stratigrafie; die huidige teikendatum is 2016 (sien Internasionale Kommissie vir Stratigrafie, 2015).

⁵⁷ Kotzé (2014:121–56).

⁵⁸ Verenigde Nasies Omgewingsprogram (2012).

⁵⁹ Venter (2008:416–20).

⁶⁰ 'n Proses wat begin is met die universele verklaring van menseregte in 1948.

⁶¹ Sien in die algemeen Daly (2012:71–80).

⁶² Boyd (2012:47).

⁶³ Art. 1.

⁶⁴ Sien o.m. Klabbers e.a. (2009); Diggelmann en Altwicker (2008:623–50).

⁶⁵ Bodansky (2009:574).

⁶⁶ Bodansky (2009:580).

⁶⁷ Sien o.m. Biermann en Bauer (2005).

⁶⁸ Schwöbel (2010:623).

⁶⁹ Rhul (2015) noem die Grondwet van die VSA as 'n voorbeeld van 'n grondwet wat 'n swak rekord van “nonkonstitusionalisme” t.o.v. omgewingsbeleid het, met die gevolg dat “the United States Constitution has been irrelevant to establishing environmental law in [the] USA”. 'n Mens moet egter nie die belangrike konstitusionele verordeninge rakende omgewingsbeskerming op deelstaatvlak oor die hele land heen ignoreer nie.

⁷⁰ Daly (2012:71). Die bepalings van die Duitse Grondwet in art. 20a oor die omgewing is voorbeelde in hierdie opsig.

⁷¹ Brown Weiss (1989:50–86).

⁷² Sien bv. art. 195 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

⁷³ May en Daly (2014:51).

⁷⁴ Ackerman (2007:1793–809).

⁷⁵ Kysar (2012:90).

⁷⁶ Allot (2000:69–89).

⁷⁷ May en Daly (2014:52).

⁷⁸ Art. 24(b).

⁷⁹ Sien o.m. Bosselmann (2010:239–55).

⁸⁰ Die Verdrag van Aarhus is van toepassing in die EU en in nie-EU-lande (indien lg. lande dit bekragtig) en die uitwerking daarvan kan dus veel verder as slegs die EU-streek strek.

⁸¹ Uit die talle publikasies oor die Verdrag van Aarhus, sien bv. Kravchenko (2007:1–50).

⁸² Verenigde Nasies Ekonomiese Kommissie vir Europa 2015.

⁸³ Boyd (2012:45–77).

⁸⁴ Ecuador het met konstitusionele eksperimente begin wat 'n meer ekosentriese oogmerk by menseregte inlyf deur aan die natuur 'n bestaansreg en 'n reg op die instandhouding en regenerasie van sy lewensiklusse, strukture, funksies en evolusionêre prosesse te gee (Grondwet van Ecuador, artt. 70 e.v.).

⁸⁵ Art. 7(2) van die Grondwet bepaal uitdruklik dat die plig om die handves van regte te eerbiedig, te beskerm, te bevorder en te verwesenlik op die staat van toepassing is. Dit word bevestig deur art. 8(1), wat soos volg bepaal: “Die Handves van Regte is van toepassing op die totale reg en bind die wetgewende, die uitvoerende en die regsprekende gesag en alle staatsorgane.” Art. 8(2) brei dan hierdie toepassingsgebied uit deur te bepaal dat “n [b]epaling van die Handves van Regte ‘n *natuurlike of 'n regspersoon* [bind] indien, en in die mate waarin, dit toepasbaar is met inagneming van die aard van die reg en die aard van enige plig deur die reg opgelê” (my beklemtoning). Vir 'n meer onlangse bespreking van die horisontale toepassing van die handves van regte, sien Friedman (2014:69–88).

⁸⁶ Sien ook die bespreking hier onder.

⁸⁷ Art. 24.

⁸⁸ Art. 2.

⁸⁹ Art. 1.

⁹⁰ *Ibid.*

⁹¹ Verenigde Nasies Menseregteraad (2015), par. 10.

⁹² Art. 9.

⁹³ Kotzé (2004:58/204–94/204).

⁹⁴ Ondersk. artt. 32, 33, 34 en 38.

⁹⁵ Sien afdeling 3.1 en 3.2.

⁹⁶ Rhul (2015).

⁹⁷ Sien afdeling 2 hier bo.

⁹⁸ Sien meer algemeen Kotzé (2012:199–233).

⁹⁹ Grimm (2010:3).

¹⁰⁰ Sien o.m. Weston en Bollier (2013:116–42).

¹⁰¹ Koskeniemi (2007:9–36).

¹⁰² May en Daly (2014:53).

¹⁰³ Petersen (1990:305, 308).

¹⁰⁴ Petersen (1990:310).

¹⁰⁵ Shestack (1998:205–6).

¹⁰⁶ Gearty (2010:8).

¹⁰⁷ Vir 'n oorsig sien Plumwood (1986:120–38).

¹⁰⁸ “Ekologiese selfregering” vereis o.m. verhoudings van nie-oorheersing met die omgewing, met ander politieke gemeenskappe, en met vroue en ander ondergeskikte groepe en individue in inheemse en minderheidsgemeenskappe (Henders 2005:23–36).

¹⁰⁹ Carr-Hill (2012:31–48).

¹¹⁰ Met inbegrip van die geïntegreerde biofisiese en sosio-ekonomiese prosesse en interaksies (siklusse) in die atmosfeer, hidrosfeer, kriosfeer, biosfeer, geosfeer en antroposfeer (menslike ondernemingsgees) in sowel ruimtelike – van plaaslike tot globale – as temporele skale, wat die omgewingstoestand van die planeet binne sy huidige posisie in die heelal bepaal (Rockström e.a. 2009:23; sien ook Kotzé 2014:121–56).

¹¹¹ Kysar (2012:84).

¹¹² Sien die bespreking hier bo.

¹¹³ Feris (2008:29–49).

¹¹⁴ Bosselmann (2005).

¹¹⁵ Grear (2015:79–101).

¹¹⁶ Kysar (2012:89).

¹¹⁷ Kysar (2010:245).

¹¹⁸ Kysar (2012:91).

¹¹⁹ May en Daly (2014:22).